higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1110**(A)**(M28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste Vraestel)

(9090154)

28 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende anatomiese terme:

1.1.1 Anterior

1.1.2 Mediaal

1.1.3 Superior

1.1.4 Inwendig

1.1.5 Distaal

1.1.6 Palmaar

1.1.7 Abduksie

1.1.8 Ekstensie

1.1.9 Supinasie

1.1.10 Faset

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Mitose is die proses van selverdeling wat tot reproduktiewe selle lei.

1.2.2 Die hartspier word in die serebrum aangetref.

1.2.3 Vitamien A help om gesonde bene te bou.

1.2.4 'n Gehik word deur spiersametrekkings van die diafragma veroorsaak.

1.2.5 Die femorale arterie is in die dy (bobeen) geleë.

1.2.6 Die outonome senuweestelsel bestaan uit die brein en die rugmurg.

1.2.7 Om te stort, is 'n effektiewe en betroubare voorbehoedmetode.

1.2.8 Vroue van dieselfde ouderdom het soortgelyke voorbehoedingsvereistes.

1.2.9 Betroubare voorbehoedmetodes is gewoonlik onbekostigbaar.

1.2.10 Vir 'n voorbehoedmiddel om effektief te wees, moet dit gereeld ná seksuele omgang gebruik word.

(10 × 2) (20)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B


Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem VIER tipes effektiewe voorbehoeding. (4)

2.2 Wat is die gemiddelde gewig- en lengtewaardes van babas by geboorte? (2 + 2) (4)

2.3



[Aangepas uit: *http://anatomybody101.org/*]

Gee die korrekte term vir elke deel wat in die figuur getoon word deur slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (5 × 1) (5)

2.4 Wanneer gedurende die menstruele siklus sal 'n vrou mees waarskynlik swanger raak? (2)

2.5 Waarom kan sommige moeders nie borsvoed nie? (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER inwendige organe van die vroulike voortplantingstelsel. (4)

3.2 Noem die VIER hormone wat die menstruele siklus reguleer. (4)

3.3 Noem TWEE liggaamsvloeistowwe wat waarskynlik MIV/VIGS sal oordra. (2)

3.4 Klassifiseer die volgende seksueel oordraagbare siektes as hetsy geneeslik, of behandelbaar maar ongeneeslik:

herpes; sifilis; genitale seertjies; VIGS; gonorree

Tabuleer die antwoord soos volg in die ANTWOORDBOEK:

GENEESLIK	ONGENEESLIK

(5 × 1) (5)

3.5 Hoe kan die verspreiding van seksueel oordraagbare infeksies voorkom word? (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem die DRIE membrane wat die brein bedek. (3)

4.2 Wat is die komponente van 'n refleksboog? (5)

4.3 Watter stappe moet jy doen om 'n pasiënt in skok te hanteer totdat 'n dokter arriveer? (7)

4.4 Maak 'n opsomming van die funksies van serebrospinale vloeistof. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER groepe rugmurgsenuwees. (4)

5.2 Noem VIER endokriene kliere. (4)

5.3 Verduidelik hoe om bloeddruk met 'n bloeddrukmeter (sfigmomanometer) te meet. (7)

5.4 Gee VYF funksies van die skelet. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou